

Skriflesing: Job 16

Teks: Job 16:18-19

Sing- Ps. 9:1,7,8; Ps. 33:7; Ps. 22:8; Ps. 46:5,6**Job 16:1** Maar Job het geantwoord en gesê:**Job 16:2** Dergelike dinge het ek al baie gehoor: treurige vertroosters is julle almal.**Job 16:3** Kom daar nou 'n einde aan winderige woorde? Of wat prikkel jou dat jy antwoord?**Job 16:4** Ek sou ook kon spreek soos julle as julle siel in die plek van my siel was; ek sou woorde aanmekaar kon koppel teen julle en my hoof oor julle skud;**Job 16:5** ek sou julle kon versterk met my mond, en die troos van my lippe sou versagting aanbring!**Job 16:6** As ek sou spreek, my smart word nie versag nie; en as ek ophou—watter verligting bring dit my?**Job 16:7** Maar nou het Hy my uitgeput; U het my hele huishouding verwoes.**Job 16:8** En U het my gegryp—'n getuie het dit teen my geword; en my siekte staan teen my op, dit getuig openlik teen my.**Job 16:9** Sy toorn het verskeur en my as vyand behandel; Hy het teen my gekners met sy tande; as my teëstander kyk Hy my met skerp oë aan.**Job 16:10** Hulle het hul mond teen my oopgespalk; smadelik het hulle my op die kakebeen geslaan; soos een man versamel hulle hul teen my.**Job 16:11** God gee my oor aan slegte mense en werp my in die hande van die goddelose.**Job 16:12** Ek het rustig gelewe; toe het Hy my verbrysel en my aan die nek gegryp en my verpletter; en Hy het my vir Hom as teiken opgestel.**Job 16:13** Sy pyle gons om my heen; Hy splits my niere sonder verskoning; Hy werp my gal op die grond uit.**Job 16:14** Bres op bres breek Hy in my; Hy loop my storm soos 'n held.**Job 16:15** 'n Roukleed het ek oor my vel vasgewerk en my horing in die stof gesteek.**Job 16:16** My gesig het rooi geword van geween, en oor my ooglede is daar 'n doodskaduwee;**Job 16:17** alhoewel daar geen gewelddaad in my hande is nie en my gebed rein is.**Job 16:18** o Aarde, moenie my bloed bedek nie, en laat daar geen rusplek vir my geroep wees nie.**Job 16:19** Selfs nou, kyk, in die hemel is my Getuie; en Hy wat saam met my getuig, is in die hoogtes.**Job 16:20** My vriende spot met my; uit my oog drup trane tot God—**Job 16:21** dat Hy kan pleit vir 'n man by God en as Menseseun vir sy naaste.**Job 16:22** Want maar min jare kom—dan bewandel ek 'n pad waarlangs ek nie terugkeer nie.**Skriflesing:** Job 16

Teks: Job 16:18-19

Sing- Ps. 9:1,7,8; Ps. 33:7; Ps. 22:8; Ps. 46:5,6

Broeder en suster - Ons het al 'n hele paar weke rondom grond en grondtransaksies en die waarde van grond, God se Woord oopgemaak. Ons kan elke keer net sê dat die mens en sy verhouding tot grond is nie maar 'n terloopse verhouding nie. Daar is iets baie dieper in wat ons moet raaksien. Die waarde en die diepte van die verbond van die Here kom eintlik met elke grond-geval sterker en sterker na vore.

Ons het begin met Barnabas en die *bemoediging* rondom die verkoop van sy grond, daarna by Judas Iskariot was ons by die *verskrikking* van 'n grond transaksie, hulle koop met die verraaier som waarmee Judas vir Jesus verraaier het, 'n begraafplaas vir vreemdelinge. As Isak en die putgrawers in Genesis 26 op 'n plek kom waar hulle na sovele moeite en teleurstellings, tog wel 'n put kon grawe en water vind, dan vind hulle méér as water. Hulle vind ruimte (Gen. 26:22), die sagmoedige wat die aarde kan beërwe, dit was Isak se ondervinding met grond. Grond bring by 'n mens *verruiming* as jy God daarin raaksien. Dan was ons verlede Sondag by Jeremia wat in die mees ongewone tyd, hy is in die tronk en tog moes hy 'n plaas se koopkontrak teken en verseël. Hy moes die kontrak in 'n kleipot sit want dit moes lank hou (Jer. 32:44b). Jeremia moes glo sy plaaskontrak sal geldig bly. Dit bring die aspek van geloofsvolharding deur hierdie grond na vore, hy kan in vertroue voortgaan deur 'n plaas te koop, al sit hy in die tronk, dit was die kernwoord by Jeremia se plaaskoop.

Elke geval van grond... bemoediging, verskrikking, teleurstellings, verruiming, volharding ten spyte van, dit is sulke daaglikse gebeure en behoeftes wat ons het. Ons het waarlik 'n behoefte aan bemoediging, aan verruiming, aan volharding ten spyte van, maar verskrikking, teleurstellings, agterdog, krisisse, aanvalle, moorde het ons ook deur grond en grondtransaksies kon aanskou. Bloedgrond, treurgrond het in Suid-Afrika so 'n bekende saak geword. Plaasaanvalle, plaasmoorde, meer as 3300 gestaafde gevalle is in die nuutste publikasie van *Treurgrond* opgeteken.

Ons kan dink aan wat Job 'n keer uitgeroep het- Job 16:18-19- **18** *o Aarde, moenie my bloed bedek nie, en laat daar geen rusplek vir my geroep wees nie. 19* *Selfs nou, kyk, in die hemel is my Getuie; en Hy wat saam met my getuig, is in die hoogtes.* Die grond, die aarde moet nie sy bloed toemaak nie, moet nie sy bloed wegsteek nie, moet nie sy bloed maar net deel van die vergetelheid maak nie, Job roep dit uit- *o Aarde moet nie my bloed bedek nie...* hy wil onthou wees, die grond moet hom nie weg en vergete laat raak nie. Die aarde kan gulsig en moorddadig voorkom, klonterig kan die mens se bloed aan die grond vasklou, wanneer is genoeg, genoeg? Wanneer sal die aarde genoeg mensebloed gedrink het. Dit is vreeslike vraag, is dit 'n vraag wat ons kan antwoord?!

Dit voel dikwels so sinloos, nóg 'n plaasmoord, nog weer lê daar iemand se bloed op 'n bloedbevlekte aarde. Wat is u en my lewe werd? Wat is ons lewens werd in wat genoem word, sonnige Suid-Afrika, maar wat het in Afrika gebeur, wat gebeur al meer in Suid-

Afrika. Piet Retief en sy manskappe vermoor, terwyl hy eintlik maar net sy grondonderhandelinge met Dingaan wou afhandel. Die Afrika-mens en die Afrikaner-mens swart en wit, wit en swart, die kleurverskille en grondverskille raak bloedverskille. Al is almal se bloed rooi, wil die grond in die kleur daarvan, aanhou die bloed drink, ja hoe relevant, hoe hard moet Job dit uitroep ook in waar ons in Afrika bly - *18 o Aarde, moenie my bloed bedek nie, en laat daar geen rusplek vir my geroep wees nie. 19 Selfs nou, kyk, in die hemel is my Getuie; en Hy wat saam met my getuig, is in die hoogtes.*

Wanneer Job met die grond praat, dan verwag hy nie die grond moet hom antwoord nie. Hy kyk op na die hemel... *kyk, in die hemel is my Getuie; en Hy wat saam met my getuig, is in die hoogtes.* Al wat Job na verlang is dat reg moet geskied. In die Hebreus is dit 'n harde geroep. Hy wil sy reg gehandhaaf hê. Nie soseer wil Job as 'n regs persoon die reg aan sy kant plaas nie, maar as regs persoon wil hy eintlik om beskerming vra. Gewoonlik dink ons dat die reg het te doen met die handhawing van reg, die een wat hom/haar misgaan het, moet gestraf word, daar moet 'n regshandeling met die oortreder wees. Dit is wel so, maar hier wil Job vóór die Regter, in die geval die hoogste Regter wat daar kan wees, die Here in die hemel nie soseer om regs toepassing vra nie, maar om regs beskerming.

Job wat oortuig is sy reg is aangetas wat kan maak dat hy op regs beskerming kan vra en op die einde wel ook regsherstel. Elke mens op aarde is gemaak, ook as regs persoon, om na die beeld van God geskape te wees impliseer 'n regs persoonlikheid V/A 6 van die Kategismus maak dit duidelik dat Gods het ons goed en na sy ewebeeld geskape. **Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys...**

Job kom in ons gelese hoofstuk as 'n regs persoon, as een wat vra om die beskerming van sy reg, waar hy voel dat sy reg al in so baie opsigte geskend is. Die ware geregtigheid gebeur nie. Die aarde, die grond moet dit nie bedek nie. Die hele aarde behoort aan die Here (Ps.24), ook die grond wat die moordbloed drink. Hy maak as't ware vanuit die aarde, vanuit die grond 'n regsgeding aanhangig.

Daarom het ons hier met 'n aangrypende deel uit die boek Job te make. Job verkeer in die grootste ellende. Uit sy dik gehuilde oë, waar daar geen trane meer kan uitkom nie, wanneer dit mag lyk Job het niks om homself mee te verdedig nie, dan is dit asof hy hierdie punt

bereik waar daar nuwe vuur in hom kom. In vers 16 sê hy nog **16** *My gesig het rooi geword van geweën, en oor my ooglede is daar 'n doodskaduwee...* Hy wat hom nie aan geweld skuldig maak nie, maar tog voel hy so baie geweld teen hom- vers 17- **17** *alhoewel daar geen geweld daad in my hande is nie en my gebed rein is.*

Die Heilige Gees laat hom beseft hy het reg om te praat. Sy gebed is rein, al slaan die aarde hom plat, moet nie my bloed bedek nie. Waaragtig voel hy dat hy mag vra vir wat reg is, vir die regs handhawing. Job se vriende wat hom in hulle antwoorde die teologie van vergelding leer. Ja, kan sulke mense my vriende wees. Dit wat hulle sê kom eintlik maar neer op vergelding of vergoeding. Doen kwaad dan sal God jou vergeld, doen goed dan sal God jou vergoed. So eenvoudig wil hulle dit maak. Job 8:11- **11** *Skië die biesie op waar geen moeras is nie? Groei die riet sonder water?* As daar nie 'n moeras van sonde is nie, dan is die gevolg daar sal nie 'n riet opskiet nie, as jy nie deur jou sonde die waterpoel skep nie, dan groei die vleigras nie. Omgekeer Job, jou moeras van sonde veroorsaak die biesie bos van ellende, jou sonde water geneuk veroorsaak die rietbos van kwaad. Wie so wil redeneer soos Job se vriende hier, hulle gooi teologiese stof in sy oë, wie kan dit wêér uithaal?!

Dit maak dat mens naderhand voel hulle vergeldingsteologie word vir my 'n krisisteologie. Waar is die genade tog, die genadeteologie wat my my grondvraag 'n hemelvraag laat word! Wie alles eenvoudig wil maak en aanvaar die moeras lewer biesies, die water lewer riete, so een beseft nie dat lyding kan ook 'n stuk geskiedenis wees, in diens van God, wat niks met straf op die sonde te doen het nie. Wie my wonde net aan sonde wil toeskryf maak God 'n meganiese God, maak asof alles logies is, of God maar net volgens 'n skema werk van die oorsaak lê by jou sonde, die gevolg is jou wonde. Broeder en suster, dan is God net soos 'n kersvader, vir goeie daad deel hy goeie pakkies uit, die slegte daad, die slegte gedrag laat my my pak slaë kry. Dit is nie waar nie. Dit laat ons uit die grond uitvra, dat al verdien ek niks nie, daar is geen regte wat ons nie verdien nie, maar God luister na my. In die hemel is my Getuie. Die grond, die aarde moet dit weet!

'n Mens kan dikwels beskuldig word van dinge waarteen jy as mens mag voel ek het daarteen geen verweer nie. Job se vriende beskuldig hom van skynheiligheid of van huigelary. Hy wat as vroom man sy lewe geleef het, nou sê hulle dit was alles opgemaak, 'n toneelspel. Hoe verdedig 'n mens jou as dit gesê word? Niemand kan in die hart kyk wat regtig daarbinne gebeur nie. Alleen die Here wat die harte ken en die niere kan prikkel, die Here

weet die waarheid. Hierdie beskuldigings vreet dwarsdeur 'n mens. Om van die ergste heimlike sonde beskuldig te word, jy huigel man, dit vreet hom op.

Daarom dat Job vra dat al sterwe ek in hierdie bittere tyd, ek is dan weg maar die aarde moet die waarheid nie verberg nie, die aarde moet my bloed nie bedek nie, dit nie opslurp nie, want ten minste moet my bloed sigbaar bly. My bloed moet oop en bloot daar bly lê, want bloed het 'n stem. Bloed wat ooplê kan praat, dit sal praat, veral die bloed van hom wat onskuldig die aarde tref, sulke bloed sal nie ophou praat nie. Die bloed se stem moet hoog klink, vêr hoër as Job se vriende in wat hulle dink. Dit moet opklim na die hemel. Ja, Job vra dat sy bloed nie anders sal maak as Abel se bloed nie. Die Here het Self vir Kain gesê- *Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af* (Gen. 4:10). Abel se bloed het ook gevra om regsherstel. Job vra eintlik dieselfde as wat Abel ontvang het. Ja, ons kry dieselfde in Esegïel 24. In vv 7-8 sê die Here- *7 Want die stad se bloed is binne-in hom; op 'n kaal rots het hy dit neergesit; hy het dit nie op die grond uitgegooi om dit met stof te bedek nie. 8 Om grimmigheid te verwek, om wraak te neem, het Ek sy bloed op 'n kaal rots neergesit, dat dit nie toegemaak sou word nie.*

Job se begeerte na reg kan ons al meer en meer op uitbrei, want dit is meer as 'n Godgerigte begeerte, dit is gegrond op al die beloftes van die Here. Die Here se verbond laat ons God se verbondsbeloftes hoor. Die belofte van jy sal lewe al sterwe jy ook... Niks kan die Here se beloftes tot niet maak nie. Nie eers die ruiters op die vaal perd in Op.6 nie. As Job sê dat daar vir my geroep geen rusplek mag wees nie, dan bedoel hy wat hy sê! Dit moet nie wees soos wanneer ek teen 'n berg vaspraat nie, die eggo klank wanneer daar in die veld in die kloue hard geskreeu of hard gepraat word, dan klink dit of die berg jou eintlik maar net terugantwoord in wat jy eerste gesê het. Dit rus in jou stem. Dit is presies wat Job nie wil hê nie. Die rus moet nie in sy stem wees nie. Die koggelklank van 'n eensame aardse doodse bestaan moet hoër wees as waarna die mens sy oë kan opslaan. Ek slaan my oë op na die berge, het ons hierdie erediens begin. Die hulp kom waar die stem moet eindig... *kyk, in die hemel is my Getuie; en Hy wat saam met my getuig, is in die hoogtes.*

'n Getuie is een wat weet wat aangaan. Hy het kennis van wat alles gebeur het. Hy kan sê wat hy gesien en gehoor het. Broeder en suster, Job het geweet Wie hy nodig het. Een om sy saak te hanteer. Sy Getuie is in die hemel. Hy maak God by God sy Getuie. 'n Belangriker Getuie kan daar nie wees nie. Dit kom daarop neer. God moet self by God pleit. Waar Job

in hfst. 9:21 al besef het hy het 'n skeidsregter nodig. Toe het dit gevoel hy mis 'n skeidsregter. Nou praat hy van 'n pleitbesorger. In alle geval is die woord vir skeidsregter en om te pleit in die Hebreeus dieselfde woordstam. Al was Job of hy vir die Here bang geword het. Waar hy gevoel het God hom soos 'n leeu kan aanval (10:16) het daar by Job 'n drastiese verandering plaasgevind. Sy skeidsregter, sy pleitbesorger, sy getuie word een. Ja, dit is net één, Hy wat Jesus Christus is. Op Hom kan ons vertrou. Hy het sy bloed ook op hierdie aarde, op die grond gestort, maar deur sy kosbare bloed wat die aarde nie kon bedek nie, het Hy die plek berei wat hemel en aarde aanmekaar verbind. Ons het 'n plek op die aarde, dit moet ons glo, ons het 'n roeping op hierdie aarde, maar ons plek in die hemel is gereed. Die aarde het al baie bloed moes sluk, maar as ons vandag hier afsluit met die gebed dat die aarde moet nie my bloed bedek nie, want ons het 'n Getuie in die hemel. Ons kan in Hom ons rus vind. Hy roep ons, Hy stuur ons. Hy wil dat ons Hom volg waar Hy u en my heenlei.

AMEN